

## **Vroeë geskrewe Afrikaans**

*’n Nuwe uitstalling oor vroeë geskrewe Afrikaans het op 1 September 2010 by die Taalmuseum in die Paarl geopen. Die uitstalling het vier temas, nl. die heel vroegste geskrifte, Afrikaans in Arabiese skrif, die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) en Bybelvertaling in Afrikaans. Annemarie van Zyl, navorser by die Taalmuseum, vertel meer:*

Die Nederlands wat destyds deur die koloniste aan die Kaap gepraat is, het redelik gou begin verander as gevolg van al die verskillende nasies aan die Kaap wat deur middel van hierdie een taal moes kommunikeer. Lank nadat die mense al ’n nuwe taal begin praat het, het hulle egter nog steeds in Nederlands probeer skryf. Dit was natuurlik nie volhoubaar nie, sodat die skryftaal ook geleidelik begin verander het. Vir baie mense was dit later moeilik om geskrewe Nederlands te verstaan.

## **Die heel vroegste geskrifte**

Ou hofverslae is van die eerste geskrewe voorbeelde van die taal wat destyds gepraat is, omdat die aangeklaagdes se getuienis woordelings en foneties neergeskryf is deur beamptes van die hof. Ander geskrewe getuienis is persoonlike dokumente soos testamente, briewe en dagboeke. ’n Baie bekende voorbeeld is die dagboek van die boervrou Johanna Duminy (waarvan daar slegs fragmente oorgebly het). Daar word beweer dat die ontwikkeling van Afrikaans veel beter gevolg kan word in die persoonlike geskrifte van vrouens, wat oor die algemeen minder skoolopvoeding as mans gehad het, omdat dit dikwels ’n baie meer getroue weergawe van die spreektaal is.

Baie vroeg reeds was daar doelbewuste skryfpogings, aanvanklik in sterk verafrikaanste Nederlands. Die “samespraak” was ’n gewilde literatuurvorm, omdat dit sake van die dag as onderwerp gehad het. Dramas, komedies en verse het ook verskyn uit die pen van talle skrywers, dikwels onder skuilname.

## **Afrikaans in Arabiese skrif**

Een van die vroegste vorms van geskrewe Afrikaans was die Afrikaans in Arabiese skrif wat in die Kaapse moskees gebruik is. Aangesien baie slawe se Islamitiese godsdien vereis het dat hulle die Koran en godsdienstige geskrifte moes kon lees, was daar selfs op ’n stadium ’n hoër persentasie van geletterdheid onder Moslem-slawe as onder die Kompanjie se matrose en soldate.

Die Moslem-kindere is aanvanklik onderrig aan die Dorpstraat Madrassa in die Bo-Kaap. Teen 1807 was daar ongeveer 375 kindere in die skool. ’n Deel van die kindere se godsdiensoefeninge was om teksgedeeltes uit die Koran oor te skryf, en aangesien baie van hulle slegs die Kaapse Afrikaans verstaan het, het die leermeester die teksgedeeltes vir hulle vertaal. Nuwe simbole moes derhalwe vir die Arabiese alfabet ontwerp word om sekere Afrikaanse klanke voor te stel. Verskeie leermeesters was hiermee besig. Die bekendste een was Abu Bakr Effendi, wat vroeg in die 1860’s na die Kaap gekom het. In 1877 is sy boek *Bayaan-ud-diyn* gedruk, een van die eerste Afrikaanse publikasies in Arabiese skrif.

Die kindere het die gedikteerde skrifgedeeltes en tekste uit die Koran oorgeskrif in sogenaamde kopiesboeke (oefenboeke waaruit die gedikteerde lesse dan uit die kop geleer moes word). Daar is vandag nog mense van die Moslem-gemeenskap in die Kaap wat hierdie Afrikaans in Arabiese skrif kan skryf en verstaan.

## **Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)**

In 1872 het die beweging om Afrikaans amptelik erken te kry, momentum gekry met ’n pleidooi vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Arnoldus Pannevis, ’n taalkenner en onderwyser aan die Gimnasium in die Paarl, was baie bekommerd daaroor dat talle mense, veral diegene met min skoolopleiding, nie die Bybel in Hooghollands kon verstaan nie. In reaksie op sy pleidooi het CP Hoogenhout, bekende vegter vir taalregte, Mattheus 28 vertaal en ook ’n kinderboekie oor die geskiedenis van Josef geskrif. Daar was geweldig negatiewe reaksie hierop; die kerkvaders het gemeen dat die “taaltjie” te lig in die broek was vir so ’n vername onderwerp.

Op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die huis van Gideon Malherbe in die Paarl deur agt mans gestig, met die oog daarop om die Bybel in Afrikaans te vertaal.(Die Afrikaanse Taalmuseum word vandag in hierdie gebou gehuisves.) Die mans het egter besef dat die taal nog nie opgewasse was vir die taak nie, en het daarom besluit om hulle toe te spits op die bevordering van Afrikaans as skryftaal, sodat dit uiteindelik as geskikte Bybeltaal aanvaar sou kon word.

Die GRA se eerste projek was om 'n gereelde nuusblad te publiseer, en so het *Die Afrikaanse Patriot* die lig gesien. Die eerste uitgawe het op 15 Januarie 1876 verskyn, en van meet af aan het die taalkwessie die gemeenskap in twee verdeel. Daar was diegene wat hartstogtelik vir die saak geveg het, en andere wat net so hartstogtelik daarteen opgestaan het.

### **Bybelvertaling in Afrikaans**

In 1884 is daar op 'n GRA-vergadering besluit om sonder verdere verwyl met die vertaling van die Bybel te begin. Ds SJ du Toit is aangestel as die vertaler, bygestaan deur 'n kommissie.

Hulle het uit die staanspoor geweldige teenstand ondervind, ook vanuit die Kweekskool op Stellenbosch. Twee sinodes (1885 en 1886) het dit ten sterkste veroordeel, maar Du Toit en sy manne het nogtans voortgebeur. Die vertaling van Genesis is in 1893 voltooi, en Mattheus, Openbaring, Hooglied, Psalms, Handeling, Markus en Lukas het gevolg. Na die oorlye van SJ du Toit in 1911, het sy seun Totius met die taak voortgegaan.

Die eerste amptelike Afrikaanse Bybelvertaling het uiteindelik in 1933 verskyn.

- Hierdie artikel het oorspronklik in *The Cape Odyssey* verskyn.
- Vir meer inligting oor die Afrikaanse Taalmuseum en –monument, besoek [www.taalmuseum.co.za](http://www.taalmuseum.co.za).